

Central Provincial Loft
Sentrale Provinsiale Hok

34267, FAUNASIG 9325, ☎083 511 8736 ,
086 741 0540, strydomk@mtnloaded.co.za
www.bosveldsales.co.za

NUUSBRIEF JUNIE 2013 / NEWSLETTER JUNE 2013

In Bloemfontein knyp die winter nou behoorlik met temperature van tot -4°C. Gelukkig het die koue ook sy voordeel in die uitwissing van siektes, swamme, vlieë en borsluise by vee en wild en gelukkig vir ons ook in die duiwe.

By die Sentrale Provinsiale Hok is die duiwe oor die afgelope paar weke gekondisioneer om al die veranderinge in hulle lewenstyl goed te hanteer. Die duiwe is vir 'n week of twee deur die nuwe laaikas gejaag om hul oefening om die hok te doen en daarna weer met die duiwekas van die trok bygevoeg. Daarna is hulle vir 'n week letterlik in die trok gelaai en weer oopgemaak. Op hierdie manier is hulle gekondisioneer om die laaiproses en vervoerproses gewoond te raak sodat daar die minimum stres is teen die tyd dat hulle vir die eerste keer pad toe moet gaan. Hierdie metode het vrugte afgewerp en ons is tevrede dat ons alles moontlik gedoen het om ons verliese met die eerste oefenvlugte tot die minimum te beperk.

Om die groot aantal duiwe met die minste stres en hantering te laai het beplanning gekos. Ons het 'n groot "mandjie" gemaak wat ongeveer 200 duiwe op 'n slag kan hanteer. Die duiwe word dan in die mandjie gejaag, waarna die mandjie met 'n spesiaal ontwerpte elektriese hystoestel opgehys word na die vlak van die trok wat gelaai word. Met die verwydering van twee sluiters stroom die duiwe dan binne sekondes die trok binne. Die kas word in posisie gesak en teen daardie tyd is die volgende groep duiwe weer gereed om gelaai te word. Op hierdie manier laai 3-4 persone die meer as 1,000 duiwe in so min as 20 minute sonder stres vir die duiwe. Hierdie moeitevrye metode maak dit 'n plesier om die duiwe pad toe te neem en geharde duiweboere se monde hang letterlik oop.
(Sien foto's op bladsy 2)

Ons het ook 'n roetine besoek van die NSPCA gehad en kon selfs hulle beïndruk met die laaimetode en die ontwerp van ons duiwevoertuig.

Die laaste oefenvlug voor die eerste Hotspot sal hierdie week gedoen word. Maak asseblief seker dat u duiwe opbetaal is voor die eerste Hotspot of 5 Julie. Onbetaalde duiwe sal nie vir prysgeld in aanmerking kom nie en te koop aangebied word.

Here in Bloemfontein the winter has arrived in all its glory with tempertures as low as -4°C. It seems the only benefit of the cold being its curbing effect on diseases, fungi, flies, ticks, etc.

At the Central Provincial Loft we spent the past few weeks conditioning the pigeons for the next phase in their lives, namely road work. For a week or two we drove them through the specially designed loading basket and then added the pigeon container of the truck. Thereafter we literally loaded them into the pigeon transporter and liberated them on the premises, thus conditioning them to the loading and transport process. By the time we hit the road we were assured that the pigeons took to the process with minimal stress and that we did everything in our power to curb our losses.

It took a great deal of planning to ensure stress free loading of such a large quantity of pigeons with minimum handling. We designed a large pigeon "basket" that can handle about 200 pigeons. After filling the basket with pigeons we then lift the full basket with an electric winch to the level of the truck that we want to load. The moment we open the two gates the pigeons run into the truck and the basket returns to the loading platform, ready for the next batch. This unique method enables us to load the more than 1,000 pigeons in about 20 minutes with only 3 – 4 helpers, thus making the road work a pleasure.

We also had a visit from the NSPCA and we could even impress them with our loading method as well as the design of our pigeon transporter.

We will do the final toss during this week. Please ensure that your birds are paid up by the first Hotspot on July 5th. Unpaid pigeons will not be eligible for any prize monies and will be put up for sale.

Laai mandjie en elektriese hyser - Loading basket and electric winch.

Duiwe stap in trok – Pigeons walking onto transporter

Duiwe binne trokke – Pigeons inside transporter

Loslating tydens oefening. Met wedvlugte sal syflappe ook gebruik word.
Liberation – During races the side flaps will also be opened.